# DIE EKSEGESE VAN DIE NUWE TESTAMENT

# REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT IN DIE NUWE TESTAMENTIESE WETENSKAP IN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, AFDELING B, AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, UITGESPREEK OP 7 SEPTEMBER 1938.

— deur —

E. P. GROENEWALD, M.A. (Stell.), Th.Dr. (V.U, Amsterdam).

Pretoria
1938

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# DIE EKSEGESE VAN DIE NUWE TESTAMENT

# REDE

BY DIE AANVAARDING VAN DIE PROFESSORAAT IN DIE NUWE TESTAMENTIESE WETENSKAP IN DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT, AFDELING B, AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, UITGESPREEK OP 7 SEPTEMBER 1938.

— deur —

E. P. GROENEWALD, M.A. (Stell.), Th.Dr. (V.U., Amsterdam).

Pretoria
1938

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Meneer die Rektor,
Here van die Raad en die Senaat,
Dames en Here Dosente, en Studente,
Dames en Here.

Eksegese is die kernvak, nie alleen van die Nuwe Testamentiese wetenskap nie, maar van die teologie.[1]) Al die ander vakke groepeer hulle rondom hierdie kern, sommige daarop gerig om die taak van die eksegese te bevorder, en ander daarop gegrond om die resultate van die eksegese in ooreenstemming met die kerklike besinning te formuleer, veral tot dogmatiek en christelike etiek.

Merkwaardig is dit egter dat in byna elke periode in die geskiedenis van die teologie hierdie sentrale plek aan die eksegese ontsê is.[2]) Telkens kom dit voor dat die dogmatiek voorrang kry en die eksegese diens moet doen om die leerstellinge van die dogmatiek te bevestig. Daarmee is aan die eksegese beide die vryheid en die voorrang, wat daaraan toekom, ontneem.[3]) In die verlede was alleen enkele teoloë tegelyk goeie dogmatici en goeie eksegete, by voorbeeld Calvyn. Daarenteen kom goeie eksegete voor juis onder diegene, wat hulle daarop toegelê het om die ortodoksie te bestry, en hulle derhalwe vrygemaak het van die dogmatiek om hulle suiwer met die teks besig te hou.

Hierdie verskynsel is 'n aanklag teen die teologie, ook teen die gereformeerde teologie, en het in die verlede sekerlik tot haar skade gestrek. Gelukkig het daar tans 'n kentering gekom.

---

1) R.. Bultmann, Die Frage der „dialektischen" Theologie. **Zwischen den Zeiten,** 1926, bl. 59: „Ihrer Form nach ist Theologie immer Exegese der Schrift."

2) Vgl. F. W. Grosheide, Theologische Exegese. **Geref. Theol. Tijdschrift,** Jan. 1937, bl. 8—11.

3) Vgl. F. W. Grosheide, Hermeneutiek, Amsterdam 1929, bl. 46—63; K. Barth, Grundfragen, Nijkerk 1935, bl. 15.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die verskyning van Karl Barth se *Römerbrief* in 1918 — hoe gebonde ookal aan 'n bepaalde filosofiese uitgangspunt[4]) — het die teologie wakker geroep uit 'n slaap van byna 50 jaar[5]) om opnuut ernstige aandag te skenk aan die eksegese en haar te herstel in haar plek van eer onder die vakke van die teologie.

Die vermaning aan sy studente by sy vertrek van Bonn mag ons ook ter harte neem, naamlik, „Eksegese, eksegese en nogeens eksegese!" Maar dan wil ons ten opsigte van ons eksegetiese metode eweëens gehoorsaam bly aan sy oproep telkens teenoor sy studente uitgespreek: „Wees manne en volg my nie na nie!"

Iedere eksegeet het so selfstandig moontlik homself rekenskap te gee van die bepaalde metode, wat hy voornemens is om aan te wend, maar vir almal bly die primêre plig: eksegese.

. . . . .

Waar hierdie wetenskap beoefen of onderrig word, lê die geopende Nuwe Testament altyd in die midde. Die taak is om die geskrewe woord te lees en te verklaar — 'n taak wat net so moeilik is om te omskryf as wat dit moeilik is om uit te voer. Die eksegese het deel aan die probleme wat voortvloei uit die verklaring van enige geskrif, wat deur eeue van ons verwyder en in 'n vreemde taal aan ons oorgelewer is. Die student in die Klassieke of in die Regsgeleerdheid kan ten volle die moeilikhede van woord- en sinsverklaring waardeer. Maar hy bereik tog 'n punt waar 'n verklaring gevind word, wat as gesagdraend geld, en daarmee is sy taak afgedaan.

By die eksegese van die Nuwe Testament is dit anders. Die versameling geskrifte wat ons onder hierdie naam ken, het 'n besondere karakter. Dit is Gods onfeilbare Woord, gerig aan mense van die eerste eeu van ons jaartelling, maar ook aan alle mense van alle tye. Dit is Gods openbaring, waardeur die verborge rykdomme van God aan ons bekend gemaak word in die teenwoordige tyd. Waar die goddelike karakter van die Nuwe Testament gelowig aanvaar en

4) A. M. Brouwer, Apriorisme en Exegese. Nieuwe Theologische Studiën, Apr. 1938, bl. 102—105.
5) Na J. Chr. K. von Hoffmann, Biblische Hermeneutiek, 1880, verskyn geen hermeneutiek nie tot aan F. W. Grosheide, Hermeneutiek, 1929.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gehandhaaf word, kom die eksegese nooit met sy taak klaar nie. Terwyl die eksegese vandag sy arbeid afsluit, spreek die Skrif môre verder, en moet die eksegese opnuut begin. Omdat die Skrif die openbaring is van die oneindige rykdom van Gods verborgenheid kan die menslike eksegese nooit die rykdom van die Skrif uitput nie, maar moet dit telkens nog dieper probeer naspeur en altyd weer erken dat die teks veel ryker is as die verklaring.[6]) Omdat nuwe omstandighede waarin ons geplaas word, nuwe node wat ons tref, nuwe vreugde wat ons smaak en nuwe vooruitgang van ons wetenskap steeds nuwe gesigspunte van die teks na vore bring, lê ons telkens die kommentare van die verlede opsy en worstel met die teks om nuwe skatte vir 'n nuwe tyd te voorskyn te bring.

Die Nuwe Testament kan vergelyk word met 'n berglandskap. Andere het voor ons reeds die skoonheid bewonder, maar nie op dieselfde manier as ons nie. Daarby bring elke nuwe gesigspunt nuwe skoonheid tot ontvouing. In elke rotswand of struik is in die kleine waar te neem die skoonheid van die groot geheel. Die gids vestig daarop die aandag. In die bergland van die Nuwe Testament is die eksegeet die gids[7]) en met veel meer noulettendheid behoort hy te wys op die volheid en die diepte van die Skrif, wat in elke enkele woord opgeslote lê.

. . . . .

Woordverklaring is die sleutel tot die regte eksegese, maar ook juis die bron van oneindig baie misverstand. Op die wysgerige vraag van *die verstaan* kan ons hier nie ingaan nie.[8]) Vir ons doel is dit voldoende om daarop te wys dat 'n woord minstens drie gestaltes kry in die proses van gedagtemededeling, naamlik, die gedagte, die gesproke woord en die geskrewe woord. Wanneer ons die geskrewe woord die versteende vorm sou noem, kan ons die gesproke woord die

6) Vgl. G. Eichholz, Das Problem des theologischen Schülers. Theologische Aufsätze K. Barth zum 50. Geburtstag, München 1936, bl. 5.

7) J. de Zwaan, Prolegomena tot Exegese. Nieuwe Theol. Studiën, Jan. 1938, bl. 7.

8) Vgl. J. Wach, Das Verstehen I, Tübingen 1926; E. Fascher, Vom Verstehen des Neuen Testaments, Giesen 1930, bl. 117 v.v.; K. H. Miskotte, Opmerkingen over Theologische Exegese. De Openbaring der Verborgenheid, Baarn 1834, bl. 65—74.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vloeibare en die gedagte die dampvorm noem.[9])

In die Skrif het ons te doen met die versteende vorm. Deur die gebruik van allerlei hulpmiddele moet ons hierdie vorm self bekyk en waardeer, en deur ons ondersoek terugwerk na die gesproke woord, en eindelik na die gedagtewêreld van die skrywer. In die geval van die Briewe van Paulus sal ons strewe dan wees om met behulp van verwante rigtinge van ondersoek, met name, die filologiese, die historiese en die psigologiese, 'n insig te probeer kry in die omstandighede waarin Paulus sy Briewe dikteer, en in sy hele gedagtegang op daardie tydstip. Dus mag ons nooit ons blind staar op wat daar geskryf staan nie, maar ook navors wat deur die skrywer bedoel was. By die woordverklaring moet steeds rekening gehou word met hierdie twee aspekte, hoewel hulle nooit volstrek geskei of selfs onderskei kan word nie.[10])

En daar kom nog 'n derde by. Omdat elke woord voor die geestesoog van 'n leser 'n beeld oproep, wat verskil van die beeld wat die skrywer gehad het, of wat 'n tweede leser sou kry, kan 'n leser sekere dinge in 'n teks ontdek, waarvan die skrywer nie bewus was of wat hy selfs nie bedoel het nie. Dit skyn ondenkbaar dat 'n skrywer ooit in sy gedagteuitdrukking meer kan beliggaam as sy eie siening van die saak, wat hy voor oë het. Nogtans kom dit voor dat 'n leser meer in die woorde vind, as wat die skrywer daarmee wou uitdruk. Hierdie verskynsel noem prof. J. de Zwaan „die simboliese meerwaarde" van die woorde.[11])

Die skrywer het hierdie simboliese meerwaarde nie op die oog wanneer hy skryf, maar kan dit wel later in sy eie woorde ontdek. Eintlik lê dit dan buite die mag van die skrywer en kom dit eers aan die lig wanneer 'n leser vanuit sy bepaalde omstandighede en standpunt die teks benader. En juis in hierdie simboliese meerwaarde lê die volle betekenis van die teks vir die leser. Wanneer hy hierdie element ontdek, gevoel hy hom deur die geskrewe woord aangespreek.

Vir die eksegese van die Nuwe Testament is hierdie aspek van die woordverklaring van besonder groot belang omdat die skrywers van so 'n simboliese meerwaarde bewus is. Hulle weet van die inwerking van Gods werklikheid in die wêreld, en veronderstel by die leser 'n verligting van die

9) E. von Dobschütz, Vom Auslegen des Neuen Testaments, Göttingen 1927, bl. 7.

10) Vgl. R. Bultmann, Das Problem einer theologischen Exegese des Neuen Testaments. **Zwischen den Zeiten,** 1925, bl. 338, ook 356 v.; F. W. Grosheide, Hermeneutiek, bl. 77.

11) J. de Zwaan, a.w., bl. 6.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verstand uit dieselfde bron. Nogtans lê daar in die woorde wat hulle neerskryf, veel meer as waar selfs hulle van bewus was. Dit is die openbaring van God deur die Heilige Gees ingelê in die geskrewe Woord, en deur dieselfde Gees bekend gemaak aan die hart van die leser. Die simboliese meerwaarde is dus daarin geleë dat die woorde van die teks tegelyk Gods Woord is en Gods Woord is die Lewende Woord, wat die mens in die teenwoordige tyd aanspreek.

Uitgaande van die woordverklaring vind ons dus drie aspekte, waarmee die eksegese rekening moet hou, naamlik, (i) die teks soos dit daar staan; (ii) die bedoeling van die skrywer; en (iii) die simboliese meerwaarde of die betekenis in die teenwoordige tyd. Ons sou dit ook kan noem: 'n *kyk* na die teks, 'n *sien* van die betekenis, en 'n *hoor* van die stem van God, wat deur die teks die leser aanspreek.[12])

Op grond hiervan hou die eksegese hom besig met (i) grammaties-historiese, filologiese, (ii) met psigologiese en fenomenologiese en (iii) met teologiese arbeid om deur 'n sintese [13]) van hierdie onderskeie aspekte die diepe sin van die Skrifwoord te vind.

. . . . . .

Die grondslag van alle Skrifverklaring is die filologiese en grammatiese ondersoek.[14]) Dit is waar van enige teks wat in 'n moderne taal geskryf is, en nog veel meer waar van 'n teks wat uit die verlede stam, dat alleen dan wanneer geen twyfel meer heers oor wat geskrewe staan nie, kan die uitlegger begin vra na wat bedoel word. Die uitgangspunt van die eksegese is dus die interpretasie van die woorde soos hulle in hul teksverband voorkom.

'n Tweede saak moet hierby in aanmerking geneem word, naamlik, dat die teks van die Nuwe Testament ontstaan het binne 'n sekere historiese situasie. Dit is nie 'n gawe van God, wat gereed en volmaak uit die hemel neergedaal het nie, maar wat ontstaan het op 'n sekere tydstip in die geskiedenis van een of meer volke, en in 'n bepaalde milieu, waar sekere staatkundige, maatskaplike, ekonomiese, kulturele, godsdienstige en selfs geografiese omstandighede meegewerk het om

12) K. H. Miskotte, a.w., bl. 74.
13) Vgl. F. W. Grosheide, Nieuw-Testamentische Exegese. Amsterdam 1912, bl. 32.
14) Vgl. F. W. Grosheide, Hermeneutiek, bl. 168—172.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aan die Nuwe Testament 'n lokale en historiese kleur te gee. Daarom word die grammatiese ondersoek van die teks noodwendig ook 'n historiese.[15])

Die geskiedenis van die eksegese van die tyd van die Hervorming af toon 'n steeds sterker-wordende beklemtoning van die historiese en histories-kritiese aspek by die Skrifverklaring, totdat 'n verset daarteen opgekom het aan die begin van hierdie eeu.

Sedert Calvyn en Luther is die grammaties-historiese bestudering van die Nuwe Testament die belangrikste gewees. Veral was dit Luther wat hom sterk verset het teen die heersende viervoudige Skrifverklaring van die Middeleeue, naamlik, die historiese, die allegoriese, die tropologiese en die anagogiese. Hy hou daarteenoor vas aan een woordelike betekenis van die Skrif, wat verkry word deur deeglike grammatiese uitleg te beoefen. Bekend is sy stelling: „Die wahre, rechte Theologie ist die Grammatik."

Hoewel hierdie beginsel in die sestiende en die sewentiende eeu gehandhaaf word, bly die eksegese aan bande gelê in die Rooms-Katolieke Kerk deur die kerklike uitleg, en in Protestantse kringe deur diensbaarheid aan die geloofsleer. Ten spyte van die beginsel „scriptura scripturae interpres," wat deur die Protestantse teologie gestel word teenoor die „ecclesia scripturae interpres" van Rome, word die woordelike teksverklaring volgens hierdie beginsel verdring deur die belange van die dogmatiek.

Die *Aufklärung* verset hom teen hierdie kerklik-dogmatiese eksegese deur die menslike, literêre en historiese karakter van die Skrif te beklemtoon, en 'n dienooreenkomstige eksegetiese metode te eis. Daardeur kom die grammatieshistoriese eksegese weer tot sy reg, maar deurdat die nadruk hoe langer hoe sterker val op die historiese faktor, word die eksegese 'n eensydige histories-kritiese ondersoek, wat later oorslaan tot 'n suiwer godsdiens-historiese.

Van die eksegeet word deur hierdie rigting verwag dat hy die Nuwe Testament sal benader soos hy enige profane geskrif uit dieselfde tydperk sou ondersoek. Sonder vooroordele moet hy die teks objektief probeer verstaan. Hiertoe moet hy goed toegerus wees met grondige kennis van die Grieks van die Nuwe Testament, van die tekskritiek om die oorspronklike teks te kan bepaal, van die literêre kritiek, waarby die vormgeskiedenis van belang is, om die geskrifte te kan ontleed en hulle ontstaan vas te stel. Daarop volg die

---

15) Vgl. F. W. Grosheide, a.w., bl. 172—173.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

aanwending van politieke en kultuur-historiese gegewens en daarbenewens die volle gebruik van godsdiens-historiese analogieë om die gedagtewêreld en omgewing van die skrywer so goed moontlik te kan begryp.[16]) Dit bring ons tot aan die grens van die psigologiese en fenomenologiese verklaring.

Hierdie metode is van onontbeerlike waarde vir die regte uitleg van die Nuwe Testament, en elke eksegeet moet in die allereerste instansie daarmee rekening hou. Nogtans strek die eensydige beoefening tot skade van die Skrif-uitleg en van die teologie, omdat dit aanleiding gee tot miskenning van die openbaringskarakter van die Nuwe Testament.[17]) Die 19de eeu word gekenmerk deur sy skadende nivellering, waardeur die Bybel gelyk gestel word met ander boeke, en ondersoek word asof dit 'n absoluut kenbare objek is.[18]) Juis hier word misgetas, en bly dit 'n eksegese van die horisontale lyn.[19])

Waar die openbaringskarakter van die Skrif gehandhaaf word, bly die eksegeet altyd daarvan bewus dat hy met 'n besondere objek te doen het, waarin 'n onuitputlike rykdom voorhande lê, wat hy nooit ten volle sal ontgin nie. Met huiwering en verlange tree hy dan deur die poort van grammaties-historiese ondersoek van die teks na die lig van die heiligdom, waaraan sy oog so ongewoon is dat dit allereers niks anders skyn te wees as heilige donkerheid nie.

Waar die openbaringskarakter van die Skrif misken word, soos by die histories-kritiese ondersoek, bly die eksegese staan by die teksverklaring soos 'n bedelaar by die ope deur van 'n ryke skatkamer. Met die rykdom binne sy bereik, sterf hy omdat hy beweer dat die rykdom nie bestaan nie. Die gevolg is dat die teologie sy plek moet inruim vir die godsdienswetenskap.

. . . . . .

Verset teen die histories-kritiese ondersoek het nuwe lewe in die eksegese gebring. Die verklaring van die geskrewe woorde vanuit die historiese situasie lei tot die vasstelling van wat gesê is. Nou kom egter die verdere vraag: wat is deur die skrywer met sy woorde bedoel, m a.w. die geskrewe woorde

16) J. Th. Ubbink, Exegese van het Nieuwe Testament. **Nieuwe Theol. Studiën,** Nov. 1936, bl. 266.
17) Vgl. F. W. Grosheide, a.w., bl. 116—132.
18) K. H. Miskotte, a.w., bl. 71.
19) Joh. de Groot, Exegese. Groningen 1936, bl. 7.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

moet verklaar word „e mente auctoris." Die towerspreuk word nou: psigologiese eksegese.

Die feit dat 'n skrywer met sy woorde 'n sekere gedagte wou formuleer en 'n sekere saak daarmee beoog het, wek by die leser die begeerte om iets te wete te mag kom van die gedagtegang en die bedoeling en selfs van die gemoedstoestand van die skrywer. Die eksegeet mag dan nie volstaan by 'n formele of saaklike verklaring van die teks nie, maar moet verder terugdring, en probeer afdaal in die innerlike lewe van die skrywer om na te speur wat hy eientlik tot uitdrukking wou bring, wat in sy gedagtes omgegaan het, wat sy gevoel beweeg het, en vandaaruit die geskrewe woord van die teks krities te beoordeel.[20] Anders gestel, beteken dit dat die eksegeet hom sover moontlik moet verplaas nie alleen in die besondere historiese situasie van die skrywer nie, maar ook in sy gemoedstoestand om een te word met hom in sy denke en voele, en sy woorde dan as 't ware opnuut uit sy siel gebore te laat word.[21] Eintlik beteken dit om die teks te verstaan soos die outeur dit verstaan het, of selfs beter as hy.[22]

Die goeie wat hierdie metode ons bied, mag nie verontagsaam word nie.[23] Elkeen wat die opvatting van die organiese inspirasie huldig, glo dat God die hele persoonlikheid van die skrywer, en ook van die persone wat optree in die heilige geskiedenis, in diens gestel het van die openbaring. Hierdie persone bly volkome mense van hulle tyd, en dink, voel, spreek en handel soos gewone mense, en nogtans werk die inspirasie deur dit alles. Dus, om 'n beter insig te kry in wat geopenbaar is, het die eksegeet al hierdie menslike motiewe te ontleed met behulp van die psigologie. Tog moet daarby in gedagte gehou word dat ons kennis van die psigologie baie gebrekkig is en dat die Skrif sekere feite weergee wat volgens die insigte van die sielkunde nie te verklaar is nie.

Die psigologie is ook behulpsaam om die gemoedstoestand van die eerste lesers te verklaar. Dit is van belang, omdat die skrywer wat hierdie mense veel beter geken het as ons, juis met hulle gemoedstoestand, neiginge en begeertes rekening sou hou in sy geskrifte. Hieruit blyk dan ook dat die enigste gesonde uitgangspunt van die psigologiese eksegese is die grammaties-historiese ondersoek van die teks.

Gevare van afwyking is hier baie groot. Die neiging is om alle aandag te vestig op die mense in die Skrif — vrome

20) E. von Dobschütz, a.w., bl. 23 en 53.
21) J. Th. Ubbink, a.w., bl. 266.
22) Vgl. E. von Dobschütz, a.w., bl. 23; Joh. de Groot, a.w., bl. 4.
23) Vgl. F. W. Grosheide, a.w., bl. 174—176.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mense wat tot voorbeeld dien. Die teks met sy inhoud word oor die hoof gesien, of selfs onjuis geag, terwyl sekere motiewe en indrukke by die outeur en sy eerste lesers nagespeur word.[24]) Die godsdiens-psigologie kom verder te hulp en bou voort op die ervaringsteologie om b.v. Paulus en Johannes te teken as religieuse tipes: elkeen die verteenwoordiger van 'n godsdiens-stroming. Deur die bestudering van die tipes en strominge word 'n globale voorstelling gevorm van die wese van die Christendom, en nou kom die fenomenologiese eksegese na vore om Skrifgedeeltes te verklaar in die lig van hul verhouding tot hierdie grootheid.[25])

Dit is duidelik waarheen hierdie rigting voer. In die plek van die teks het persone getree, en hulle bly as tipes in die verlede staan, of word hoogstens as navolgenswaardige voorbeelde voorgehou aan diegene wat die hoogste goed, naamlik, die koninkryk van God, wil verkry. Die produktiewe inlewing in die gemoedslewe en gedagtewêreld van die skrywers loop uit op 'n uiters subjektiewe selfverklaring van die eksegeet. Skrifverklaring kan dit nie genoem word nie.

. . . . . .

Die histories-kritiese metode met sy uitlopers in die godsdiens-historiese en die psigologiese metode veroorsaak 'n dalende belangstelling in en lewenslose beoefening van die eksegese. Die teks waarin 'n buitengewone simboliese meerwaarde geleë is, naamlik, die geïnspireerde heilsopenbaring, is óf teruggedring tot die verlede, óf geheel en al oor die hoof gesien.

Verset spruit voort hoofsaaklik uit twee feite. Aan die een kant het die histories-kritiese eksegese die Nuwe Testament beskou as 'n objek van bestudering deur filoloë, tekskritici, historici en psigoloë, terwyl die heilsboodskap vir die teenwoordige tyd nie na vore gebring is nie. Aan die ander kant het die besondere omstandighede van die nuwe tyd 'n nuwe metode vereis. Die algemene nood van lydende mense wek die verlange om die Nuwe Testament te bestudeer nie bloot in die lig van ons tyd nie, maar om dit te mag besit as die lig in ons tyd, m.a.w. die vraag het ontstaan na die besondere simboliese meerwaarde van die teks.[26])

24) F. W. Grosheide, t.a.p.; ook Nieuwe-Testamentische Exegese, bl. 14—15; E. Fascher, a.w., bl. 19.
25) Vgl. E. Fascher, a.w., bl. 20—25.
26) Vgl. J. Th. Ubbink, a.w., bl. 267—268.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die omkering tree in met die verskyning van Karl Barth se *Römerbrief*.[27]) In sy voorwoord verklaar hy dat Paulus „as profeet en apostel van die ryk van God tot alle mense van alle tye spreek." Met hierdie opmerking is die eksegese as suiwer historiese wetenskap dood, en 'n nuwe tydperk word ingelei. 'n Eksegetiese metode word nou gesoek, wat aan die openbarings-inhoud van die Skrif reg sal laat geskied.

Omdat die Woord gegee is deur die Heilige Gees en omdat alleen die Gees die dieptes van God kan ken,[28]) word die histories-kritiese en grammatiese metodes van die verlede bestempel as *kata sarka* — vleeslik, en 'n nuwe word nagestreef, wat *kata pneuma* sal wees — dus, pneumaties.

Diep onder die indruk van die praktiese Skrifverklaring van die evangelis Elias Schrenk bepleit Karl Girgensohn 'n pneumatiese eksegese om te dien as reaksie teen die histories-psigologiese en om die besondere karakter van die Skrif tot sy reg te laat kom, en betekenis te laat kry vir die mense van die hede. Daarom bepleit hy 'n nuwe uitgangspunt vir die eksegese sodat die Skrif nie beskou sal word as 'n bloot menslike woord in die geskiedenis nie, maar as die stem van die lewende God, wat tot alle tye gerig is, m.a w. die eksegeet mag hom nie as histories-kritiese navorser bo die Skrif stel nie, maar aan die Skrif sy regmatige gesag laat toekom, en hom dan biddend en wagtend daaronder stel om te kan hoor, wat 'n teks aan hom te sê het.[29]) Met opregte erns streef die pneumatiese eksegese om die woorde van die teks te eerbiedig en in hulle volle betekenis te neem, die begrippe volkome te verstaan, die gevoelsbetoninge in die teks aan te voel, die religieuse ondervindinge waarvan die teks spreek. self te beleef, en daardeur 'n Gees-vervulde uitleg aan die teks te ontworstel.[30])

Vir hierdie poging en vir die nuwe beklemtoning van die teks[31]) het ons veel lof. Nogtans is die besware so oorweldigend dat daar tans liefs nie meer van pneumatiese eksegese

---

27) Vgl. F. W. Grosheide, Een Ommekeer. **Stemmen des Tijds,** 1927, bl. 584—590; ook my artikel, Omkering. **Die Kerkbode,** 2 Des. 1936, bl. 1128—1131.

28) 1 Kor. 2, 10—11.

29) K. Girgensohn, Die Inspiration der Heilige Schrift, Dresden 1925, bl. 8 v.v.

30) E. von Dobschütz, a.w., bl. 59.

31) H. Frick, Wissenschaftliches und pneumatisches Verständnis der Bibel, Tübingen 1927 (Gemeinverständlicher Vorträge 124), bl. 33: „Ehrfurcht vor dem Geist nötigt uns zum Gehorsam gegen den Buchstaben."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gepraat word nie.[32]) Die gewigtigste beswaar hang saam met die wese van die Gees. Hy waai waar Hy wil en niemand kan Hom ooit in die tuig van 'n metode dwing nie. Daarom kan ons wel praat van 'n Gees-vervulde eksegeet, maar nooit van pneumatiese eksegese nie. Die Gees bly 'n *charisma* — 'n genadegawe. En 'n genadegawe word nie verkry deur metodiese beoefening nie, maar deur biddend daarop te wag. Hier egter word nou die genadegawe, wat behoort tot die toerusting van die eksegeet, aangesien vir 'n metode.[33])

Eintlik is dit wetenskaplik onjuis om van pneumatiese eksegese te praat, omdat goeie eksegese reeds pneumaties is in die sin waarin die woord in hierdie verband gebruik word. Daar bestaan dus geen tweede wyse van verklaring naas die histories-grammatiese nie.[34]) Indien die eksegese aan sy taak wil beantwoord, dan moet dit beide histories en pneumaties wees.[35])

. . . . .

Die misverstand wat voortvloei uit die gebruik van die woord *pneumaties* lei tot die soek na 'n nuwe benaming van ongeveer dieselfde saak. Na 'n wedloop tussen die terme „existensiële" en „teologiese" eksegese het die laasgenoemde vrywel algemene erkenning erlang. Die benaming is nuut, maar die saak is reeds by Origenes te vind. Ook Calvyn dien hier as meesterlike voorbeeld.

In kort gesê: onder teologiese eksegese word bedoel 'n verklaring van die Skrif, wat ten volle rekening wil hou met die werklikheid van die lewende God in die verlede, hede en toekoms, en met Sy bemoeiïnge met die mens. Dit kan genoem word die eksegese van die vertikale lyn, d.w.s. 'n lyn wat opgaan uit die woorde van die teks na God, van wie hulle kom, en deurgaan tot die diepte van ons siel, aan wie hulle gerig is.[36]) Die eksegeet laat dus die Skrif geld ook oor homself as openbaring van God, wat aan hom gerig is en waarhede

32) Vgl. E. Fascher, a.w., bl. 25—30; E. von Dobschütz, a.w., bl. 49—64; J. Th. Ubbink, a.w., bl. 270—271.
33) E. von Dobschütz, a.w., bl. 51—53, 63; R. Bultmann, **Zwischen den Zeiten**, 1925, bl. 356.
34) Vgl. H. Frick, a.w., bl. 3 v.v.
35) E. von Dobschütz, a.w., bl. 61; F. W. Grosheide, **Geref. Theol. Tijdschrift**, Jan. 1937, bl. 16; J. Th. Ubbink, a.w., bl. 270—271.
36) Joh. de Groot, a.w., bl. 12 v.v.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

verkondig, wat op hom betrekking het. Daarom buig hy daaronder en wil die woord hoor, beleef en aan sy tydgenote vertolk. Daartoe bly hy gelowig vra na die betekenis van die teks, en gehoorsaam aan die gesag van die Skrif.[37])

Die nadruk val nou op die kerugmatiese karakter van die Woord, en die eksegese wil derhalwe bewus die prediking dien. Op grond van die teologiese insig in die Skrif tree die eksegeet selfs aanvallend op teenoor die wêreld en die formalisme in die kerk. Hy word profeet — indien hy daartoe die roeping het.[38])

Weer staan ons voor die feit dat dit nog steeds die taak bly van die goeie eksegese om hierdie diepe sin van die Woord na te speur. Daartoe hoef geen afsonderlike teologiese metode te bestaan nie.[39]) Dus, 'n absolute skeiding van historiese en teologiese eksegese mag daar nie wees nie,[40]) maar die teologiese is die noodsaaklike voortbou van die historiese en word ook as sodanig beklemtoon deur die voorstander van hierdie rigting.[41]) Immers op grond van die organiese inspirasie kan daar nooit 'n teenstelling wees tussen die letterlike verklaring en die diepe sin van 'n teks nie.

So 'n sintese is egter alleen moontlik wanneer regmatige aandag geskenk word aan die teks. Die noodsaaklikheid van grammaties-histories-kritiese ondersoek word wel deur die teologiese eksegese verlang as eerste stap tot bereiking van die diepe sin, maar prakties is die gevaar groot om willekeurig met die teks om te gaan. Die gevolg is subjektiwisme.

Subjektiwisme word in die hand gewerk eerstens deurdat die eksegeet die teks vanuit 'n bepaalde persoonlike wêreldbeskouing of geestelike milieu benader. Die „neue Einstellung" wat deur Girgensohn bepleit is, beteken in die praktyk dat ieder eksegeet sy eie filosofiese of teologiese beskouinge as uitgangspunt van sy eksegese laat geld.[42]) Tweedens, die inspirasie-beskouing waarvolgens die Skrif soos dit daar lê, geen openbaring is nie, maar alleen die aanspraak van die Skrif op my, in 'n bepaalde oomblik,[43]) gee daartoe aanleiding dat ekself kan bepaal wat Gods Woord is, terwyl my naaste

---

37) R. Bultmann, a.w., bl. 351 v., vgl. K. Barth, a.w., bl. 14—15.
38) Vgl. H. Windisch, Der Sinn der Bergpredigt, Leipzig 1929, bl. 126.
39) R. Bultmann, a.w., bl. 352.
40) Wel voorgestaan deur H. Windisch, a.w., bl. 119, 124 v.v.
41) B. v. K. Barth, Römerbrief, 4. Aufl., München 1926, bl. V, X—XIII; R. Bultmann, a.w., bl. 338 v.v.; K. H. Miskotte, a.w., bl. 81.
42) Vgl. R. Bultmann, a.w., bl. 341 v.; H. Windisch, a.w., bl. 1—5, 117.
43) Vgl. K. H. Miskotte, a.w., bl. 86 v.v.; F. W. Grosheide, Geref. Theol. Tijdschrift, Jan. 1937, bl. 14.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

anders mag oordeel.[44]) Hierdie nadeel word wel aangevoel in die kring van die teologiese eksegete,[45]) maar is nog nie uit die weg geruim nie.

Samevattend wys ons daarop dat beide die pneumatiese en die teologiese metode baie verdienstelike werk verrig het en van die eksegese weer 'n wetenskap van frisse bloei gemaak het. Tog is ook hier, net soos by die grammaties-histories-kritiese en die histories-psigologiese rigtinge, neiginge tot afwyking, wat skade berokken aan die eksegese en aan die teologie.

. . . . .

Indien al hierdie pogings om die ware betekenis van die teks te vind, dan nie voldoen aan die eise nie, kan met reg gevra word watter metode ons aan die hand sou wil doen. Die vraag dwing ons tot die uiterste beskeidenheid. Die uiteensetting van 'n metode kan van iemand, wat nog maar betreklik weinig eksegese beoefen het, seker nie verwag word nie; enkele aanwysinge egter wel.

Die besondere karakter van die Nuwe Testament as openbaring van heil bepaal die doel van die eksegese. Die Heilige Gees maak gebruik van mense met hul eie aanleg, toerusting, karakter en denkwyse om in menslike taal die verborgenhede van God op skrif te stel en sodoende dit aan die leser bekend te maak. Maar juis omdat die Nuwe Testament openbaring is, leef dit en spreek dit ons aan wel nie in die perfectum nie, maar in die praesens[46]); dus het dit 'n besondere betekenis vir my op die huidige tydstip.

Hierdie betekenis is egter nie 'n tweede of derde naas ander nie, maar die enigste. Die eenheid van die Skrif en die reformatoriese grondbeginsel dat die Skrif homself verklaar, lei tot 'n eenheid van uitleg. Daarom is dit die taak van die eksegese om deur te dring deur die vorm van die geskrewe Woord tot die goddelike inhoud. Dog sy eerste stap bly steeds 'n nederige eerbiediging van die vorm.[47])

Dit gaan dus om 'n metode wat rekening hou met die drie aspekte van die geskrewe woord, naamlik, wat daar

---

44) H. Windisch, a.w., bl. 127.

45) R. Bultmann, a.w., bl. 353 v.

46) F. W. Grosheide, Hermeneutiek, bl. 65; H. Frick, a.w., bl. 13.

47) Vgl. E. von Dobschütz, a.w., bl. 58; H. Frick, a.w., bl. 12 v.v., 33.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

staan, wat bedoel word en wat op my betrekking het (die simboliese meerwaarde), en dan tot 'n sintese te geraak, waardeur die diepe sin van Gods Woord tot uitdrukking kom.

Die begin lê by die bestudering van die letter van die Skrifwoord, om langs hierdie enige weg te kom tot die openbarings-inhoud. Grammatiese bestudering van die teks is van primêre belang, nie alleen om die regte betekenis te kan naspeur nie, maar omdat die tug van die grammatika die eksegeet sal hou aan wat geskryf staan en hom bewaar van willekeurige verklaring of fantastiese inlegkunde.[48] Omdat die openbaring te boek gestel is in 'n tydperk in die geskiedenis en in 'n sekere milieu, mag die historiese ondersoek nie nagelaat word nie. Allerlei gegewens van literêr-, kultuur-, staatkundig- en godsdiens-historiese aard werk mee om die geskrewe teks, die woorde en hul geskiedenis beter te begryp.

Hierby aansluitend word in gedagte gehou dat die skrywers al hul menslike eienskappe behou en deur die Gees van God tot hoër aktiwiteit geroepe is. Die teks is geskryf deur mense aan mense. Daarom is dit verpligtend om gebruik te maak van die psigologie en die godsdiens-psigologie om des te beter te kan vasstel wat 'n skrywer bedoel met sy uitdrukkinge. Maar by hierdie strewe om in te leef in die gedagte- en ervaringswêreld van die skrywer dreig die gevaar om leermeester van die skrywer te word en nie sy leerling nie. Dit word egter steeds verhoed deur die grammaties-historiese metode .

Hiermee is die werklike diepte van die Skrif nog nie gevind nie: dit moet nog as Gods Woord oor ons geld. Om dit te verkry, mag ons die teks benader met sekere vrae, by voorbeeld, wat het dit aan my op hierdie tydstip te sê? hoe spreek dit van Christus? hoe laat dit Christus my aanspreek? Hierdeur bly die verklaring Christocentries, en daarmee ook Teocentries; dus kerugmaties.

Tog kan die diepe sin nie deur 'n metode gevind word nie, wel deur 'n eksegeet. Omdat alleen dieselfde Gees wat die Skrif ingegee het, dit ook weer uitlê, besit die eksegeet, wat deur hierdie Gees verlig is, die genadegawe om die diepe sin te begryp en te vertolk. Opmerklik is dat Paulus die Jode beskuldig dat hulle die Ou Testament lees sonder om dit te begryp omdat daar by hulle 'n sluier is oor die hart.[50])

48) Vgl. H. Frick, a.w., bl. 4; E. von Dobschütz, a.w., bl. 53 v.v.; J. Th. Ubbink, a.w., bl. 272; F. W. Grosheide, Geref. Theol. Tijdschrift, Jan. 1937, bl. 17 v.v.

49) Vgl. F. W. Grosheide, t.a.p.

50) 2 Kor. 3, 14—16.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die begrype van die simboliese meerwaarde van die Skrifwoord is dus 'n saak van die hart.

Eintlik het ons hier te doen met 'n sekere intuïtiewe begrype van die teks,[51]) wat voortvloei uit 'n gemeensaamheid of kongenialiteit met die bepaalde stof en skrywer.[52]). Die Boek van die vromes kan ten slotte alleen deur die vromes verstaan word — deur diegene wat „eens-geestes" daarmee geword het.

Teen die neiging tot entoesiastiese eksegese of tot ongeoorloofde allegorie en willekeurige subjektiwisme of selfs tot 'n dogmatiese of stigtelike uitleg, moet steeds gewaak word. Daarom beklemtoon ons nogeens die noodsaaklikheid van die grammaties-historiese behandeling van die teks,[53]) waarby die eksegeet met eerbied hom onderwerp aan die geskrewe woord om te luister en te gehoorsaam.

En verder, omdat die Heilige Gees aan die kerk gegee is, volg daaruit dat die eksegeet nooit neutraal teenoor die teks kan staan nie,[54]) maar altyd binne die belydenis van sy kerk[55]) en in ooreenstemming met die „tradisie" die genadegawe van die Gees in beoefening bring. Die eksegese mag egter nooit deur die leer van die kerk die swye opgelê word nie.[56])

Dit gaan hier om 'n taak, wat meer as menslike skerpsinnigheid of kundigheid vereis. Dit gaan om 'n kuns wat as charisma aan sommige geskenk is om te kan beoefen, en nou: om dit te moet beoefen en nie te kan nie, dit is ons probleem. Tog weet ons dat die Skrif self in hierdie saak die volmaakte leermeester is. Gelowig, biddend en verwagtend stel ons ons onder sy gesag om van Hom die eerste onderwysing te verneem: „die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here en kennis van die Heilige is verstand."[57])

. . . . .

---

51) W. Lütgert, Bibelerklärung II. des N.T., R. G. G., 2. Aufl., I, 1017.
52) F. W. Grosheide, Hermeneutiek, bl. 40; W. Lütgert t.a.p.,; E. von Dobschütz, a.w., bl. 50 v.; J. Th. Ubbink, a.w., bl. 273. Daarteenoor minder beslis. H. Windisch, a.w., bl. 121.
53) E. Schaeder, **Neue Kirchliche Zeitschrift,** Feb. 1927, bl. 76: „Pneumatische Exegese, die etwas taugt, ist eine grammatisch-historisch höchst sorgfältig, streng beobachtende Exegese."
54) R. Bultmann, a.w., bl. 342.
55) A. M. Brouwer, a.w., bl. 107—108.
56) Vgl. F. W. Grosheide, Hermeneutiek, bl. 26 v., 46—63.
57) Spr. 9, 10.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Meneer die Rektor, Here van die Raad en die Senaat, u belangstelling en simpatieke optrede het dit moontlik gemaak dat Afdeling B van die Teologiese Fakulteit tot stand kon kom. Daardeur het die Universiteit en die Ned. Herv. of Geref. Kerk op 'n besondere wyse mekaar die hand kon reik in diens van die volk. U het ook geen beswaar gemaak toe die betrokke kerklike kommissie my by u voorgedra het vir die hoogleraarsamp in die Nuwe Testamentiese wetenskap. Hiervoor wil ek aan u my opregte dank betuig.

Vir u welwillende aandag, Dames en Here, dank ek u.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services